Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Ons nasionalisme moet sosiaal wees as ons wil hê ons volk moet voortbestaan.*

# Die O.B.

*Ons sosialisme moet nasionaal wees as ons as volk wil voortbestaan.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 24 NOVEMBER 1943. No. 3.

# O.B. se Toekomsbelofte aan Afrikanerdom

## ONDERDRUKTES MOET ALMAL SAAMSTAAN

### *Werkers Mag Nie Alleen Veg*

Jong meisies van wie baie hul ouers of jonger broers en susters moet onderhou, het die afgelope paar weke in Johannesburg en Kaapstad hul toevlug geneem tot 'n staking nadat hulle nou al vir jare moet swoeg teen hongerlone onderwyl die besighede vir wie hulle werk, winste van honderde duisende ponde per jaar afwerp.

Die winkelklerke (dames) begin met 'n salaris van £6 per maand en ná vyf jaar harde diens kom hul loon op £11 tot stilstand. Mans begin ook met £6 en na vyf jaar kry hulle £20 per maand. Ons wil dadelik verklaar dat dit nie al besighede is waar ons die skreiende toestand kry nie. Dit is vandag die loon wat deur die kapitalisme uitgemeet is aan mense wat geen ander uitweg in die lewe het nie as om vir hul bestaan te gaan werk vir diegene wat die mag het om daardie werk te gee. In die klerefabrieke by voorbeeld begin blanke meisies teen 'n loon van £1 per week vir die eerste dertien weke en na vyftien maande staan hulle nog maar by £1 10s. per week.

**Met hierdie uitbuitingsloon moet hulle nog loseer by losieshuise wat £7 10s. en £8 per maand losiesgeld vra — aansienlik meer as wat hul inkomste is! Daar bly dus vir hierdie meisies niks anders oor as om een of twee maaltye per dag prys te gee en so goedkoop moontlik 'n kamertjie te huur nie. Omdat hulle selfs dan nog nie kan bestaan nie, is baie van die meisies verplig om ná werktyd ekstra werk te doen soos plekaanwysing of verkoop van lekkergoed in bioskope.**

Dat dit toekomstige moeders van 'n volk is wat op hierdie wyse uitgebuit en liggaamlik en geestelik vernietig word, is 'n saak waaroor die kapitalistiese base hulle nie bekommer nie, want hul besighede is hul volk en hul bankbalanse hul nageslag. Vir die Ossewabrandwag is dit egter 'n saak van die uiterste belang. **Hierdie toestand het ontstaan en duur voort onderwyl politieke partye mekaar jaar in en jaar uit beveg en onderwyl die rykes hul rykdomme opstapel.** Langs daardie weg is daar geen heil te wagte nie. In wanhoop neem die meisies hul toevlug tot die vakbondbeweging. In sover die vakbonde nie beheer word deur die Kommunistiese Party nie, wat ook maar graag ellende skep vir partyvoordeel, wend hulle 'n eerlike poging aan om die toestand te verhelp. Hulle is selfs by magte om tot die uiterste toe te gaan en die werkers te organiseer vir 'n staking. Dit is dan ook die laaste wapen wat die werkers in eie hande het om vir hulself te veg. **En hierdie wapen kan hulle deur 'n blote noodregulasie wat binne enkele sekondes onderteken word, ontneem word. Dan staan hulle magteloos en verlate.**

Daar is een kans vir ALLE uitgebuites om tot die lewe op te staan en dit is dat ons ons nie as werkers afsonderlik in groepe organiseer wat alleen staan nie, maar dat ons die geledere sluit met die res van die volk wat beslis is om 'n einde aan die kapitalistiese onreg te maak. Alle werkers, ongeag wie hulle is, moet saamsluit met diegene wat met hulle simpatiseer maar buite hul vakbonde staan.

## *Volkspolitiek Nou die Redding*

### *Alle Kragte Gemobiliseer in Een Totaal*

Die Grootraad het kennis geneem van die vernietigende mislukking van die party-politiek as Afrikanerwapen in die Parlementêre verkiesing. Ook het hy kennis geneem van die terugtrede agtereenvolgens van die „Nuwe Orde"-organisasie en van die Afrikanerparty in die daaropvolgende Provinsiale verkiesing, wat daardeur die veld vrygelaat het vir een opposisie-party. **Desondanks het die Provinsiale verkiesing nog hopeloser afgeloop as die verkiesing vir die Volksraad,** lui die beleidsverklaring wat op gesag van die Grootraad deur die Kommandant-Generaal uitgereik is.

Voor die verkiesing het die O.B. sy volle steun in elke kiesafdeling aangebied aan enige algemeen aanneemlike volkskandidaat oor wie se kandidatuur die opposisie-partye in die betrokke kiesafdeling ooreenkom. Ons herhaal dit vir die volgende verkiesing.

**Maar tegelyk is die Ossewabrandwag oortuig dat so 'n verkiesing slegs dan die volkskragte sal mobiliseer as dit gemik is op die finale afskaffing van kapitalisme en van die imperiale bande, as ook van die volksverdelende parlementêre stelsel van partye. Met ander woorde — 'n anti-kapitalistiese republiek.** So 'n verkiesing moet gemik wees op die daarstelling van 'n Gesagstaat, nasionaal en sosiaal, 'n staat wat sal inpas in die wêreld van die 20ste eeu, en wat tegelykertyd die afsluiting sal wees van die eeuelange stryd van ons volk.

Om die karakter van hierdie republikeinse toekomsstaat meer noukeurig te omlyn gee die Grootraad die volgende grondbeginsels van sy beleid aan:

### 1. VERENIGENDE VOLKSPOLITIEK I.P.V. VERDELENDE PARTYPOLITIEK.

Die partystelsel moet vervang word deur die eenheidsorganisasie van die volk in 'n allesomvattende Volksbeweging. Dit moet die gesinsgemeenskap bevat, maar ook die verskillende werksgemeenskappe en die kultuurgemeenskap sowel as staatsgemeenskap. **Sodoende snoer dit alle volkskragte in een totaliteit saam tot vestiging en bestendiging van die republiek.**

### 2. EENHEIDSTAAT I.P.V. HIERDIE BONTE MENGELMOES

Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land, met inskakeling van ware volks- en beroepsverteenwoordiging op alle gebiede en in alle belange.

### 3. EIE SEGGENSKAP VIR DIE BEROEPE

Die verskillende beroepe moet in staat gestel word om elk in sy eie huis skoon te maak en sy sake te bestuur, onder die koördinerende leiding van die staat en met medewerking van die Volksbeweging.

### 4. NET VOLKSGENOOT KAN BURGER WORD

Slegs volksgenote of potensiële volksgenote, d.w.s slegs blankes wat assimileerbaar lyk, kan burgers word. Benewens Afrikaans- en Engelssprekende landsburgers van vandag, dus ook ander van Europese afkoms. **Maar burgerskap is afhanklik van onverdeelde trou teenoor ons vaderland.** Ander blanke persone geniet slegs gasreg, g'n burgerreg nie.

### 5. GELEIDELIKE SEGREGASIE

Nie-blankes word mettertyd uitgeskei uit blanke gebied, met die oog op rassuiwerheid en rasegte ontwikkeling van alle elemente.... alles egter, met behoorlike inagneming van arbeidsvereistes.

### 6. AFRIKA VIR DIE AFRIKANER

Die Afrikanerdom aanvaar sy taak om die Christelik-nasionale ontwikkeling van suidelike Afrika te lei in aansluiting by die Westerse Kultuurkring en in samewerking met die verwante blanke volkere wat daarby belang het, veral in die nuwe Europa.

### 7. CHRISTELIK-NASIONAAL I.P.V. LIBERAAL

Die Christelik-nasionale ontwikkeling van die eie volkslewe en van inheemse kleurlinge en naturelle word in die besonder verseker deur volle saamwerking met die erkende Chris-

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)

Dit is hoog tyd dat daar 'n volkswye bondgenootskap gesluit word tussen alle verdruktes. Alleen so kan ons die gemeenskaplike vyand vernietig. Daardie bondgenootskap bestaan reeds binne die Ossewabrandwag.

## *VERJAARDAGKETTING*

25 Nov.: Anna Schwartz (Worcester), Ellis E. Vermaak (Port-Elizabeth), Jacoba Faul (Upington), Gerit van Aarde (Malmesbury), Lucia Nel (Kirkwood); 26 Nov.: W. J. Dippenaar (Stellenbosch), Mimie Jordaan (Sutherland), Martha Olivier (Port-Elizabeth); 27 Nov.: Emra Roux (Suider-Paarl), Alma van Niekerk (Kaapstad), Willem D. Louwrens (Vryburg); 28 Nov.: Hilda A. J. Kirschbaum (Eppingtuin), Aletta J. Nel (P.K. Aughrabies), Johannes Strauss (Daljosaphat); 29 Nov.: Elizabeth du Toit (Houtbaai), Johannes B. van Tonder (Vryburg), Igantus P. Maas (Wesselbron), Danie P. Geldenhuys (Stellenbosch), Ellena C. Erasmus (Merweville), Maria van Aswegen (Upington), Petrus H. van Jaarsveld (Mosselbaai), Helena Gunter (Noorder-Paarl); 30 Nov.: Salome Brink (Sutherland), Maria Basson (Bellville), Georgina Krause (Kirkwood); 1 Des.: Bianco Vivier (Beaufort-Wes), Susanna Smit (Malmesbury), Dan du Toit (Wellington), Johannes Strauss (Dalsosaphat).

## TONEELVERENIGING HOU JAARVERGADERING

Die Remskoen-toneelvereniging van Kaapstad het onlangs sy jaarvergadering gehou. Die doel van die vereniging is hoofsaaklik om fondse in te samel vir die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners. In die loop van die jaar is drie konserte gehou en een geselligheid. Die wins wat afgewerp is, beloop £67-4-7.

Die vereniging het ook sy eie luidspreker en versterker as ook 'n aantal goeie plate aangekoop met die oog op musiekverskaffing by konserte.

£100,000

in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou. **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

*** Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.**

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M.............................................

.............................................

(O.B., 24 Nov. 43)..........................................

*Ons sukses is u voorspoed*

DIE O.B., WOENSDAG, 24 NOV. 1943

# Regte Begeerte Dog Onmoontlike Metode

Dit wil voorkom of die politieke gedagte van die Ossewabrandwag na 'n stryd van twee jaar geseëvier het. Twee jaar gelede het dr. Malan oorlog op die Ossewabrandwag verklaar na aanleiding van 'n toespraak van die Kommandant-generaal waarin hy gesê het dat alle goeie Afrikaners binne die Ossewabrandwag welkom is, ook die nasionaal-sosialiste is welkom. 'n Onverkwiklike stryd het op hierdie woorde gevolg en die O.B. is deur verantwoordelike politici beskuldig dat hy sy deure oopstel vir Jan Rap en sy maat. Die Ossewabrandwag het egter voortgegaan en die idee van groter volkseenheid verkondig. **„Ons soek nie die partygenoot nie, ons soek die volksgenoot," en „vir ons is dit nie die lidmaatskapkaartjie wat tel nie, maar die Afrikanerbloed,"** so het die Ossewabrandwag sy standpunt aan die wêreld verkondig. **Ons het onderstreep dat ons ook daardie Afrikaners as volksgenote en medestryders erken wat buite ons organisasie staan, ja wat ons vandag nog selfs beveg!**

Op Stellenbosch voorverlede week het dr. Malan 'n uitnodiging gerig tot „hulle wat ingetrek is deur die opvatting dat nasionaal-sosialisme tot Suid-Afrika uitgebrei sou kan word" en hy het hulle verseker „dat hulle terug in die Party welkom is."

Na twee jaar het dr. Malan dus geleer dat 'n Afrikaner nie verstoot mag word terwille van sy politieke oortuiging nie, en dat dit derhalwe geen oortreding is om nosionaal-sosialiste uit te nooi nie.

Ons het dus gevorder op die pad na groter volkseenheid, en dit is een ligpunt in ons huidige moeilikhede.

Daar skort egter nog één ding, en dit is van groot belang. Dr. Malan nooi die nasionaal-sosialiste uit om by sy Party aan te sluit. **Hy wil dus nog volkseenheid binne 'n party hê—iets wat onmoontlik is. Onmoontlik in die eerste plaas omdat geen volk in sy geheel tot 'n eenheid binne 'n enkele organisasie saamgedruk kan word nie, want 'n volk is reeds 'n eenheid deur sy bloed- en lotsgemeenskap. Daardie eenheid moet net erken word. Dit is 'n eenheid waarbinne daar plek is en moet wees vir verskil van mening, verskil van roeping en taak.** 'n Volk is soos die menslike liggaam; die hele liggaam kan nie net oog of hand wees nie, maar die hele liggaam word darem gevoed deur een bloedstroom en beheer deur een senuweestelsel.

### BEVEG VOLKSGENOTE

In die tweede plaas is volkseenheid in — en selfs deur — 'n politieke party onmoontlik omdat 'n politieke party **'n instrument is waarmee daar teen volksgenote geveg moet word. 'n Party se enigste en uitsluitlike taak is om verkiesings te veg en te wen, en in daardie verkiesings veg hy teen mede-Afrikaners. Hy is dus aangewys daarop om mede-Afrikaners te beveg en te verslaan. As hy sy volksgenote verslaan het, dan het hy voldoen aan sy taak en is daar vir hom rede om te roem.** 'n Party kan by voorbeeld nie eens volksorg onderneem nie. Dit is nie 'n willekeurige beperking wat die wet hom opgelê het nie. Daar sit gesonde oorweging agter hierdie landswet. **Die rede is dat 'n party tot so 'n mate aangewys is op die werwing van stemme in sy stryd om 'n verkiesing te wen, dat hy misbruik sal maak van sy volksorg deur stemme te koop of af te dwing. 'n Party is dus logies en wetlik 'n beperkte instrument wat toegewys is alleen op die stryd by die stembus.**

Hierteenoor is die Volksbeweging die liggaam wat die volksweefsele aanmekaar moet hou. Nie alle volkslede hoef lid te wees van die Ossewabrandwag as volksbeweging nie, **maar die Ossewabrandwag moet en wil alle volkslede se belange behartig. Hy beveg dus nie volksgenote nie, maar sien in elke volksgenoot — al beveg dié hom nog — 'n sel in die groot volksliggaam wat gevoed en beskerm moet word terwille van die liggaam self.** En om dieselfde rede erken die Ossewabrandwag die noodsaaklikheid van die bestaan van ander organisasies vir spesifieke take, maar die verhouding tussen hierdie organisasies moet vreedsaam en harmonies wees. Om in terme van die menslike liggaam te praat: Die volksbeweging vorm die bloedstroom en senuweestelsel wat die volk saambind en versorg. Die volk het egter ook 'n hand nodig om te werk — dit is sy arbeidsorganisasie, en hy het 'n hart nodig — sy kerklike en kultuur-organisasies. **Maar almal saam vorm 'n eenheid wat saamwerk en nie mekaar beveg soos politieke partye doen nie.**

Eers soos ons hele volk hierdie eenvoudige waarheid gevat het, sal daar rus en vrede in sy gemoed neerdaal en sal daar krag en vuur van sy optrede uitgaan.

# „Hulle Kon Ons nie Keer en Met Niks sal Hulle Ons Keer nie!"

Op alle terreine bestaan daar eenheid in die Afrikaner se geledere; ons vier almal saam Dingaansfees en Heldedag; ons eer dus almal saam dieselfde helde in dieselfde stryd, maar op een terrein beveg ons mekaar en dit is die terrein van die partypolitiek. Daarom sê die Ossewabrandwag wil hy die partypolitiek vervang deur volkspolitiek sodat daar nie meer Sappe en Natte sal wees nie, maar almal saam net Afrikaners," het genl. Louis Bootha, Gebiedshoof van Gebied E (Transvaal), verlede Maandagaand in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, gesê.

Spr. het verwys na die ontstaan van die Ossewabrandwag aan die Rand toe mense vervolg is wat net aan die Beweging behoort het. So moes die eerste ses offisiere een nag viermaal vlug vir die speurders, maar eindelik het hulle hul vergadering in 'n mielieland gehou. **Niks kon hulle keer nie. Aan 'n vyandige persoon wat daardie tyd vir spr. gesê het dat hulle die O.B. se nek gaan breek, het spr. gesê: „Die Leërs van die Empire kon my moeder se nek nie buig nie, en jy wil myne breek!" Hulle het probeer breek, maar vandag het hulle ingesien dat dit nie moontlik is nie.** Die Veldmaarskalk het sy amptenare belet om lid te wees van die Beweging en ons broers het hul amptenare belet om lid te wees, maar nogtans het ons ons verpligtings nagekom en die stryd weerstaan.

Die Ossewabrandwag stry vandag omdat hy doelbewus die verlede gesien het en die toekoms wil ingaan. Hy het gesien hoe ons verdeeld nie staande kan bly teen die aanslae van die vyand nie. **Ons volk het verskillende groepe of fronte gehad, 'n afsonderlike politieke ekonomiese en kulturele front wat van mekaar geïsoleer was. Hierdie groepe kon nie stand hou nie. Die tyd het bewys dat wat ons probeer het, nog te min was om die vryheid te bring. Daarom kies ons vandag die pad van stryd en lye.**

Ons is verder ook oortuig van die diepere eenheid van die Afrikanervolk. Op alle terreine is ons een en ons huldig dieselfde helde, maar net op partypolitieke terrein is ons verdeeld. Die Ossewabrandwag wil die barste op die oppervlakte van ons volk toemaak — die baste wat soos krake op droë brakgrond lê. Ons glo dat as die reën van chaos oor die Afrikanervolk gestroom het, daardie krake sal toetrek, dan sal ons net een wees. Na die patylidmaatskap en rooi of blou lus kyk ons nie. Ons sal almal saam swaarkry met uitsondering van die „Lelies van Litaue wat nie arbei of spin nie, maar nogtans Salomo in al sy heerlikheid oortref." Hulle sal die leed nie saam met ons voel nie, maar die soldate wat vir hulle geveg het, sal terugkeer en die leed ondervind. Op daardie dag sal die Ossewabrandwag by die soldaat staan.

### ONOORWONNE

Die Boerevolk het in die verlede sy strydkrag getoon. Drie jaar lank het die vyand met al sy magte ons volk probeer uitdelg met moordkampe en kanonne. **Hulle het ons geplunder en uitgebrand, maar nie oorwin nie. Ons is nie oorwonne nie en vandag nog sit ons die stryd voort. En ons is nie in ons stryd massabewus nie. Een-een veg en ly ons of dit in die tronksel of onder die skavot is, doelbewus strydbewus.** Dit is 'n tradisie by ons volk. Toe aan Piet Retief gesê is om nie te gaan nie want daar is gevaar, het hy geantwoord: „As daar gevaar is, mag ek nie bly nie, dan is my volk in gevaar." So het Frederik Bezuidenhout ook alleen hom strydbewus geweer teen die Hotnot-soldate. **Strydbewus het die Boerevrou in die konsentrasiekampe gely. 'n Dertig-jarige vroutjie wat gelyk het soos 'n sewentigjarige, het die boodskap gestuur: „Stry voort tot die oorwinning toe!" Ons sien haar haar laaste kind na die graf wegdra. Niks kan haar breek nie. Ons sien haar in die ry staan om kos te ontvang en ons sien haar met die blikkie wit water as melk kom om haar sterwende kindjie mee te voed. Daar by die pan sien ons haar die vleis braai in 'n poging om die gif daarin dood te brand. Sy baklei selfs met die gif! En dan sien ons haar weer op die plaas besig met 'n stuk pik of graaf om die grond voor te berei vir haar kind. Dit is u en my moeder, het spr. uitgeroep. Niks kon haar breek nie! En 'n eerste minister van Engeland, Ramsay MacDonald, het in sy boek geskryf dat hy in haar oë gesien het die blits wat nooit uitbrand nie, en hy het voorspel dat die veroweraar nog te doen sal kry met haar kinders. En hier is ons! Hulle kon ons nie keer nie en met niks sal hulle ons keer nie!**

Spr. doen 'n beroep om nie die mede-Afrikaner te beveg nie. **As daar volksliefde in jou hart is, kan daar**

(Vervolg op bls. 4, kol. 3)


## MARKAGENTE

Ons is U agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee,
Groente, Vrugte,
Voer en Vee.

## Volkskopermark
BPK.

MOREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.

## *BRANDWAGTE!*

**GENL. THOS PIENAAR**
**spreek vergaderings toe te**

| | | |
|---|---|---|
| HEILBRON .. .. | Des. 1 | 10.30 vm. |
| KOPPIES .. .. .. | Des. 1 | 2.30 nm. |
| VREDEFORT .. .. | Des. 2 | 10.30 vm. |
| PARYS .. .. .. .. | Des. 2 | 8.00 nm. |
| VILJOENSKROON | Des. 3 | 10.30 vm. |
| BOTHAVILLE .. . | Des. 3 | 3.00 nm. |
| KROONSTAD .. .. | Des. 4 | 11.00 vm. |

**Die plek van byeenkoms sal plaaslik bekend gemaak word.**

Alle brandwagte **moet** teenwoordig wees. Belangstellende Afrikaners is hartlik welkom

## BRANDWAGTE AANDAG!!

### Voorligtingsvergaderings in Gebied „C"

| | | |
|---|---|---|
| 20 Nov. | PETRUSBURG .. .. .. .. .. | Genl. Ds. Stander. |
| 23 Nov. | BULTFONTEIN .. .. .. .. .. | Prof. Dr. Rautenbach. |
| 24 Nov. | HERTZOGVILLE .. .. .. .. | „ „ „ |
| 25 Nov. | BOSHOFF .. .. .. .. .. .. .. | „ „ „ |

**Plek en tyd van byeenkoms sal plaaslik bekend gemaak word.**
Alle brandwagte moet teenwoordig wees. Alle belangstellende Afrikaners is baie welkom.

## DIE O.B.

**'n Beperkte getal Volledige Stellen van *Die O.B.*, Tweede Jaargang, in Boekvorm gebind, met Harde Omslag, sal verkrygbaar wees indien die aanvraag bevredigend is**

teen

**17/6** *Per Stel Posvry*

**KONTANT MET BESTELLING.**
**Hierdie versameling is van groot geskiedkundige en praktiese waarde in ons huidige stryd.**
**Alle bestellings moet hierdie kantoor bereik voor die 30ste November 1943.**

## *KERSFEESKAARTE!*

MET DIE OSSEWABRANDWAG-WAPEN IN VOLLE KLEURE GEDRUK EN PASSENDE WENSE EN VERSIES

'N PRAGTIGE KUNSWERKIE

KONTANT MET BESTELLING **6/-** (Per dosyn posvry)

Weens papier beperkings is daar net 'n beperkte voorraad Kerskaarte verkrygbaar.
BESTEL ONMIDDELLIK!! VOORKOM TELEURSTELLING!!

Bestel deur

Gebieds-Hoofkantoor, Groote Kerkgebou — Kamer 603, Kaapstad

N.B. — Posbestellings word net vir 'n halfdosyn en meer aangeneem.

# O.B. Se Hulp aan Vryheidstryders Beloop al Meer as £60,000

## Voorbeelde van Onbreekbare Heldemoed

Die feit dat die Ossewabrandwag in die afgelope drie jaar reeds naby £50,000 aan regstreekse hulpverlening bestee het aan afhanklike en gevange Afrikaners en daarby professionele dienste gelewer het wat gelyk staan aan 'n bedrag van £15,000, buite en behalwe die hulp wat op talle plekke plaaslik deur eenhede waargeneem word, is verlede Maandagaand deur genl. Gerrie Puren, hoof van die O.B.-Noodhulpfonds, geopenbaar in sy toespraak by geleentheid van die vergadering in die Hofmeyrsaal, waar hy en genl. Louis Bootha van Transvaal opgetree het.

,,Die Afrikanerdom beweeg doelbewus af op sy bestemming van 'n gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard,'' het genl. Puren gesê en verwys na die honderde manne agter doringdraad wat bereid is om vir daardie doel te ly en te offer. Ons is bereid om met alle wapens vir daardie ideaal te stry — met die kruisie as dit kan, maar met die bloed as dit moet, het hy gesê. In sy stryd is die Ossewabrandwag insluitend wat sy eie bloed betref, maar uitsluitend wat die on- en anti-nasionale elemente betref.

Met verwysing na die Ossewabrandwag se volksorg het genl. Puren gesê dat daar by die eerste aanhouding van Afrikaners in 1940 'n fonds deur Transvaal se Ossewabrandwag in die lewe geroep is wat £4,000 bestee het aan die versorging van afhanklikes. In Januarie 1942 het die Regering 350 manne met een slag gevang en hul gesinne letterlik op die straat gewerp. Dit was toe dat die oproep van ons Kommandant-generaal soos 'n wekroep deur die land gegaan het: ,,Omskep julle kommando's in reddingslaers!'' **Van 27 Januarie 1942 tot 31 Oktober 1943 het die Ossewabrandwag se Noodhulpfonds meer as £38,000 aan regstreekse hulpverlening bestee. As die £4,000 van 1940-41 bygereken word, is dit 'n bedrag van £42,000. Maar op talle ander maniere is vir die gerief van die ongelukkiges gesorg. 'n Goeie £15,000 kan nog bygereken word in die vorm van professionele dienste, want daar is aan die Rand, Goddank, nog dokters en regspraktisyns wat nie die knie voor die kapitalistiese afgod gebuig het nie.** Gratis mediese hulp as ook gratis regsadvies en bystand in die howe is verskaf. In laasgenoemde verband wil spreker veral die name noem van firmas soos Vyn Wyk de Vries; Rumpf en ook adv. J. D. Jerling, wat tientalle sake sonder vergoeding behartig het. **Behalwe dit is daar deur vier Randse generaalskappe £4,000 uitbetaal aan boetes wat Afrikaners opgelê is.**

### ALMAL BOERE

Die beginsel waarop die O.B. hulp verleen is eerstens dat niemand gevra word na sy politieke oortuiging nie. Dit maak nie saak of die man 'n aanhanger van Leibbrandt, van die H.N.P. of van wie ook al is nie, as hy offer, offer hy vir die Boerevolk en word hy gehelp. Tweedens word die fonds nie geadministreer asof dit liefdadigheid is nie. Dit is 'n vrywillige verpligting wat die Ossewabrandwag op hom geneem het en wat hy sal deurvoer solank daar een enkele Boer in die Empire se kampe en tronke sit. Hierdie geld kom alles uit die sakke van ondersteuners van die Ossewabrandwag.

Wie is die manne van wie die afhanklikes so gehelp word? het genl. Puren gevra. Daar is eerstens manne soos P. P. du Plessis en sy 52 makkers wat toe hulle op aanklag van hoogverraad gevra is om te pleit, geantwoord het: **,,Ons pleit nie omdat ons nie die jurisdiksie van 'n Brits-georiënteerde hof erken nie!''**

Dit is ook die manne wat aan die K.G. 'n bedrag van £14-11-6 uit die Koffiefonteinse kamp gestuur het uit hul sakgeld van 1s. per dag as bydrae tot die Ossewabrandwag se strydfonds van 8 Augustus. Dit is manne wat uit die tronk vir die Kommandant-generaal laat weet dat hulle geen afsonderlike vrede met die vyand sal sluit nie. Dit is manne soos Banie Basson wat, toe hom in die hof gevra is of hy 'n offisierseed afgelê het, geantwoord het: ,,Ek sweer nie by die hemel nie omdat dit die troon van God is; ek sweer nie by die aarde nie omdat dit die voetbank van sy voete is. My ja is my ja en my nee my nee. **Eenmaal het ek as twaalfjarige kind by die sterfbed van my vader gesweer dat ek die vyande van my volk sal beveg, en dit is wat ek vandag doen!''**

### WEIER TE GETUIG.

Dit is manne soos Koppie Kruger wat weier om teen hul mede-Afrikaners te getuig al word hy na die tronk gestuur en veroordeel tot ses houe. **,,Ek het hom gesien nadat hy sy ses houe gaan haal het, elkeen waarvan bloed getrek het,'' het genl. Puren gesê. ,,Om sy lippe was daar nog die ferme beslistheid en in sy oë nog die vuur van die Boer. En daarna het hulle hom na Koffiefontein gestuur.''**

Dit is manne soos Kaber wat by die aanhoor van sy vonnis uitroep: ,,Lank lewe die Kommandant-generaal!'' en manne soos J. J. van Heerden wat tot 36 jaar tronkstraf veroordeel word en dan nog salueer en uitroep: ,,Lank lewe die Ossewabrandwag!'' Dit is **ook manne soos Julian Visser wat, toe hy in sy doodsel nog agtervolg is deur 'n politieke bloedhond wat van hom inligting wou hê met die belofte dat hy dan nie opgehang sal word nie, geantwoord het: ,,Ek het my vrede gemaak met God; ek is tevrede.''**

En wie is die moeders wat so ly? het spr. gevra. **Dis vroue soos Anna Eloff wat haar tjek weer terugbring met die woorde dat ons as volk eers vertrap moet word voordat ons kan opstaan tot die vryheid. Dit is vroue soos mev. Kaber wat trane van dankbaarheid gestort het omdat haar man ,,die toets deurstaan het en nie sy mede-Afrikaners in die steek gelaat het nie,'' en wat aan hom gesê het dat hy nie na haar moes terugkom as hy verraad pleeg nie.**

Dit is moeders soos die moeder van Van Blerk, wat toe haar seun ter dood veroordeel was, gesê het dat sy trots is dat haar seun waardig geag is om vir die groot saak van vryheid te offer.

Ten slotte het genl. Puren die adres voorgelees wat onlangs deur die vroue van afhanklikes aan die Kommandant-generaal aangebied is, en waarin hulle hul gewillig verklaar om die ediksbeker te drink tot die droesem toe.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

telike kerke, **deur uitskakeling van 'n daarmee strydige propaganda van rassevermenging en rassehaat, deur beheer oor die verskillende propagandamiddels en 'n deeglike Christelik-nasionale hervorming van die skoolwese vir die verskillende volks- en bevolkingsgroepe.**

### 8. WERKLOOSHEID IS 'N REFLEKSIE OP DIE STAAT EN NIE OP DIE WERKSOEKENDE VOLKSGENOOT NIE

Volksorg word gerig op die versekering van gesonde huisgesinne en welvarende arbeid. **Werkloosheid word nie meer geduld nie en die arbeidsverrigter word in die volksgeheel ingeskakel om hom te beskerm teen alle onsekerhede van die lewensonderhoud uit arbeid.**

### 9. LANDSRYKDOM IS VIR VOLKSDIENS DAAR

Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding, in die eerste plaas deur die eie inisiatief van die staatsburgers, ten volle ontwikkel in volksbelang, **en die rykdom aldus geproduseer, word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksie-proses.**

### 10. GEEN KAPITALISME EN OOK G'N KOMMUNISME NIE

**Kapitalisme met sy anti-nasionale beheer, veral van die mynbou, die fabriekswese, die handel en geldmark word afgeskaf; produksie-pryse, -winste en -skulde word beheer; spekulasie met grond, wonings, voedings- en kledingsmiddele van die volk word gekeer. Die godlose en raslose kommunisme word deur 'n Christelike en volkseie sosialisme verwyder.**

Bostaande gee in groot trekke die Ossewabrandwag se opvatting van die volkspolitiek weer; **dit is sy politieke geloofsbelydenis en ook sy toekomsbelofte teenoor die Afrikanerdom.**

Ons vat dit so saam: **Ons sien die volkspolitieke heil in nasionalisme wat wat sosiaal is en in 'n sosialisme wat nasionaal is. Sodoende wil ons reg laat geskied sowel aan die verlede as aan die toekoms, aan voorgeslag en nageslag.** (Get.) **J. F. van Rensburg.**


TOT U DIENS!!

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

ONS BIED U MEUBELS

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

MEYER en FERREIRA

**Laer Hoofweg 287**

**OBSERVATORY**



SPESIALE AANBOD, —

LAAT BESENDING AANTREKLIKE ,,Jarmode''- en ,,Gero''-BAADJIEPAKKE en JASSE

Teen egte verminderde Pryse by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE






'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

**,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''**

MEER AS 200 KURSUSSE

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet:** ,,'N BOODSKAP AAN U''.

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ____________________

Naam ____________________

Adres ____________________

(O.B., 24 Nov. 43). ____________________

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).**

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,**

JOHANNESBURG

**POSBUS 3512** **FOON 22-3512**

